COVID-regulasies opgehef:

Maskers, beperkings op saamtrekke en grensbeheer opgeskort

Staatskoerant: 22 Junie 2022

817 dae nadat die regering COVID-19 inperkings ingestel het, het die minister van gesondheid, Joe Phaahla op 22/6/2022 die laaste regulasies opgehef. Die opskortings geld vir die dra van maskers binneshuis, beperking op saamtrekke en grensbeheer en mense wat die land binnekom se inentingstatus.

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Helderberg Hospitaal spreek hul hartlike dank uit vir die betrokkenheid en omgee van die kerk en die liewe lidmate oor die afgelope jare. Daar is ook groot waardering vir die pakkies wat afgelewer word. So dan ook vir finansiële donasies daarvoor en vir almal wat help print, knip, plak en pak. Ons kan steeds nie die pasiënte besoek nie, maar hulle sal graag ons geskenkpakkies met 'n kort geestelike boodskappie daarop, vir hulle uitdeel. Ons fokus kan dus weer terugskuif na die pasiënte, maar ons sal wel soms die personeel bederf met 'n verrassinkie. Verdere donasies wat waardeer sal word, is **geestelike boeke vir oud en jonk**, wat deurlopend in sale versprei sal word. **Klerasie ook vir oud en jonk**, asb. reeds gewas, gestryk en gevou. Alle donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons herinner net dat **finansiële donasies** vir die projek asb. aangedui word met **verwysing: Helderberg Hospitaal**. Ons waardeer die voorbidding en betrokkenheid van almal.

Lynette Jacobs
Projekleier: Helderberg Hospitaal

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Babas

Baie dankie vir die geleentheid om weer Helderberg Babas se behoeftes aan die gemeente bekend te maak.

Vir baba-versorgers se teetyd: Beskuit/koekies, langlewe volroom melk, suiker.
Algemeen: Sneesdoekies, baba-afveedoekies (wipes) – *sensitive* soort, watte bolletjies/plat ronde watte sirkels.
Baba René: René (tans 14 maande oud) is op 4 maande gediagnoseer met Spinal Muscular Atrophy type 1, 'n terminale genetiese spiersiekte. Haar vermoë om te sluk het die afgelope maand so agteruit gegaan dat sy tans volledig op buisvoeding is. Die melk wat ons haar moet gee se koste beloop R1600 pm. Ons het reeds 'n maandelikse borg van R1 000. Enige bydraes om die tekort aan te vul sal waardeer word. Ons vra asb. ook vir gebed vir René en vir ons. Ons het die Here se krag en genade nodig vir die pad wat ons met haar stap. Nogmaals dankie vir Moedergemeente se oorweldige ondersteuning en omgeeharte. Bydraes kan asb. by die kerkkantoor afgegee word.
Vir verdere navrae: Werner en Tania Schultz - 084 717 0660

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

26 Jun: Geen kategese – volgende geleentheid: 24 Julie

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle

Tee na die eredienste

Daar sal nie tee bedien word na die eredienste oor langnaweke en gedurende skoolvakansietye nie. Volgende geleentheid,
Sondag 24 Julie 2022.
Dankie aan Elisma en Lynette wat aan die roer van sake staan.

DIENENDE HANDE: PJP OGGEND (pannekoek, "jaffles" & poeding)

Vrydag, 1 Julie 2022 10:00 – 12:00

Heerlike pannekoeke (R6), "jaffles" (R25) en poeding (R25), asook koffie/tee (R10), te koop.
Plaas bestellings om teleurstelling te voorkom by: Julianne Bryson jbryson.ah@gmail.com / 082 598 9418.
Bestellings sluit Maandag, 27 Junie 2022 om 17:00.
Afhaal van bestellings: Vrydag, 1/7, 10:00-12:00, kerksaal.
Betaling: kontant, kredietkaart of Snapscan.